**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 12: DIE GESKIEDENIS VAN GELD IN SUID-AFRIKA** ***MEMORANDUM***

**1 Wat is die basiese probleem van ruilhandel?**

Die dubbele ooreenstemming van behoeftes. Dit was moeilik om iemand te vind wat bereid sou wees om die produk wat jy wil bekom te ruil vir die produk wat jy oor beskik.

**2 Wat is kommoditeitsgeld?**

Kommoditeitsgeld is gebruiksgoedere wat as ruilmiddel (betaalmiddel) gebruik word, byvoorbeeld sout en skulpe.

**3 Watter soort geld is voor die koloniale tydperk in Suid-Afrika gebruik?**

Kommoditeitsgeld, veral graan, velle, krale en vee.

**4 Watter geldeenheid was die eerste om aan die Kaap gebruik te word?**

Die "duit", wat deur die VOC ingestel was.

**5 Van watter metale was die mees gesogde munte gemaak?**

Van goud en silwer.

**6 Watter geldeenheid is die langste in Suid-Afrika gebruik?**

Britse munte wat van 1841 tot 1960 gebruik is.

**7 Wat is tekengeld?**

Tekengeld is munte waarvan die sigwaarde (ruilwaarde) hoër is as die waarde van die metaalinhoud.

**8 Hoe word die waarde van 'n produk in Suid-Afrika uitgedruk?**

In terme van Suid-Afrikaanse geld, naamlik rand en sent.

**9 'n Artikel het 'n prys van 10 euro's. Wat word benodig om die waarde van die artikel in rand en sent te bepaal?**

Die waarde van die rand in terme van die euro (die ruilverhouding) byvoorbeeld €1 = R15.

**10 Is die waarde van die rand in terme van ander geldeenhede van dag tot dag stabiel?**

Nee, dit wissel van dag tot dag.